**SENWES BEPERK**
**(Registrasienommer 1997/005336/06)**
**(hierinlater verwys na as “Senwes”)**

**Aanbod vir die omskepping van AgriRewards voordele 2022: Kennisgewing van ‘n vrywillige Aanbod aan AgriRewards Deelnemers om AgriRewards voordele in Senwes Aandele te omskep (“die Aanbod”)**

Vanaf Maandag, 12 Desember 2022 sal AgriRewards Deelnemers die geleentheid gegun word om die opgelope kontant voordele in die AgriRewards Skema teen die huidige waarde daarvan in aandele in Senwes te omskep. Senwes Capital (Edms) Beperk, ‘n volfiliaal van Senwes, hou ‘n aantal aandele in tesourie wat geallokeer en oorgedra sal word aan Deelnemers wat die kies om die Aanbod te aanvaar. Die finansiële impak van die Aanbod op die waarde van die Senwes aandele is gevolglik neutraal.

Die reg om deel te neem in die omskepping van die AgriRewards voordele is beperk tot 70% (sewentig persent) van al die AgriRewards voordele wat deur die AgriRewards deelnemers geakkumuleer is op die Rekorddatum en wat in Senwes Aandele omskep  sal word en wie hulle Aanvaardings ingedien het voor of op die Sluitingsdatum op ‘n “eerste kom, eerste bedien” basis. Die belangrikste datums en tye is as volg:

| | **2022/2023** |
|---|---|
| Aankondiging van die Aanbod | 9 Desember 2022 |
| Rekorddatum om te bepaal welke Deelnemers die Aanbod mag ontvang | 30 April 2022 |
| Verspreiding van Aanbod | 12 Desember 2022 om 08:00 |
| Openingsdatum van Aanbod | 12 Desember 2022 om 9:00 |
| Sluitingsdatum van keuse om na aandele om te skakel | 6 Januarie 2023 om 17:00 of die datum waarop 70% van Aanvaardings ontvang is, welke ookal eerste plaasvind |
| FICA-dokumentasie | Moet voorsien word voor die Sluitingsdatum |
| Implementeringsdatum | 13 Januarie 2023 |
| Aandele word oorgedra  aan deelnemers | 13 Januarie 2023 om 08:00 |
| Aankondiging met betrekking tot resultate | 16 Januarie 2023 |

**Alle tye wat verskaf word is Suid-Afrikaanse plaaslike tye. Bogemelde datums en tye is onderworpe aan wysiging. Enige wysigings sal op die Senwes webblad aangekondig word.**

In opdrag van die Raad van Direkteure.

***EM Joynt (Mev)***
***GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS***
***Tel nr. (018) 464 7104Klerksdorp***
***9 Desember 2022***